

TRAILBLAZERS

Baanbreker-bulle in die Jersey-ras

Die Jersey-ras is afkomstig van die eiland Jersey, sowat 13km vanaf die Franse kus. Die Jersey het sy oorsprong in 'n ras wat oorspronklik van Noord-Afrika na Frankryk gemigreer het. Die eerste plaaslike Jerseys is in 1881 deur Adrian van der Bijl van Woodstock in die Wes-Kaap ingevoer.

Sedert die Jersey SA-telersgenootskap se stigting in 1920 in Pietermaritzburg, was deelname aan produksiemeting nog altyd vir hulle 'n prioriteit. Jersey-telers het die ras se teeldoelwit in 2000 geformuleer met die fokus op die doeltreffende produksie van 'n hoë-gehalte produk wat altyd voorkeur sal geniet. Dit word bereik deur te selekteer vir diere wat goeie-gehalte melk produseer, maklik hanteerbaar is en gesonde uiers het.

Globale teelwaardes

BLUP (*best linear unbiased prediction*)-teelwaardes word reeds sedert 1989 vir die Jersey-ras beraam. Die ras neem ook sedert die jaar 2000 aan internasionale genetiese ontledings deel. Hierdie MACE (*multiple across country evaluation*)-teelwaardes word deur Interbull in Swede beraam. Dit stel Suid-Afrikaanse telers in staat om buitelandse bulle se genetiese rangorde binne die plaaslike populasie te bepaal, selfs nog voordat hulle gemete dogters in Suid-Afrika het.


MACE-teelwaardes word op die Suid-Afrikaanse populasie se genetiese parameters, eenheid van meting, eienskapdefinisie,

Rubicon Knight Winterfell

Hierdie bul is deur JA Theron van Merrivale geteel en word deur XSeed Genetics bemark. Hy dra Amerikaanse genetica van sowel sy vader, Ahlem Jumbo Knight-ET, as sy maternale grootvader, Forest Glen Meccas Jevon-ET.

Hy het tans 337 dogters in 31 kuddes wat aan produksiemeting deelgeneem het. Al is hy 'n ouer bul, spog hy steeds met 'n bogemiddelde SAINET-waarde (Jersey SA se totale meriete-indeks). Hy teel dogters wat uitblink in produksie en uiergesondheid, maklik beset raak en langlewendheid in die kudde toon. Boonop het hulle 'n uitstekende bouwvorm en goeie uiers, hoewe en bene.

Figuur 1: Genetiese profiel van Rubicon Knight Winterfell.




Umoba Mozart Kevlar K117

Hy is deur WJ Woolridge van Mtubatuba in KwaZulu-Natal geteel en aanvanklik deur Taurus Evolution bemark. Hy spog ook met Amerikaanse genetica danksy sy vader, Prairie Harbour Mozart-ET, en maternale grootvader, Richies Jace TBone A364-ET.

Hy het tans 240 dogters in 30 kuddes wat aan produksiemeting deelgeneem het. Hy teel goed-gebalanseerde dogters met besondere goeie uiers. Sy genetiese meriete vir SAINET lê steeds bo die rasgemiddelde.

Figuur 2: Genetiese profiel van Umoba Mozart Kevlar K117.



basisjaar-aanpassing en uitdrukking van teelwaardes gebaseer. Daarom kan hulle direk met die teelwaardes van die plaaslike populasie vergelyk word. Al hierdie teelwaardes vir elke internasionale bul wat vir kunsmatige inseminasie gebruik word, is op www.sadairybulls.com beskikbaar.

Sedert 2012 het SA Stamboek die spektrum van teelwaardes vir die SA Jersey-ras uitgebrei. Benewens produksie sluit dit nou ook uiergesondheid, vrugaarheid, langlewendheid en lineêr-geklassifiseerde eienskappe in. Twee bulle wat plaaslik geteel is, pryk al vir 'n paar jaar op Jersey SA se lysie van beproefde bulle.

Albei bulle is genomies in Suid-Afrika getoets en is nie draers van enige ongewenste mutasies nie. Suid-Afrikaanse Jersey-telers baseer hul seleksie- en paringsbesluite toenemend op genomies-verrykte teelwaardes uit SA Stamboek se Logix-genomiese ontleding. Die basis hiervan bly die prestasie en metings van koeie onder plaaslike toestande, tesame met die genomiese verwantskappe tussen alle gegenotipeerde diere.

DNS dui 'n dier se genetiese potensiaal wat van sy ouers afkomstig is aan, terwyl metings wys hoe daardie potensiaal uitgedruk word. Saam bied dit 'n akkurate prentjie van 'n dier se genetiese meriete en skep dit die beste geleentheid vir volhoubare genetiese vordering in die SA Jersey-populasie. **VP**

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na bernice@studbook.co.za of besoek www.studbook.co.za